

Vrydag 8 Desember

Skrifgedeelte: 2 Samuel 7

Fokusgedeelte: 2 Samuel 7:16

'n Ewige Koningskap

Nadat die Here vir Dawid rus gegee het van al sy vyande, en hy in 'n weelderige paleis bly, het Dawid die innige begeerte om vir die Here 'n huis bou. 'n Offerplek, aanbiddingsplek en gemeenskapsplek met die Here. Hy laat weet egter vir Dawid deur die profeet Natan dat Hy vir Dawid 'n geestelike koningshuis sal bou en sy koningskap sal altyd voortbestaan. Nie Dawid nie, maar God sal die inisiatief neem om die gemeenskap met Hom vir altyd daar te stel. Dit is 'n wonderlike belofte aan Dawid. Dit lyk asof hierdie belofte met die ballingskap van Juda en Israel vervaag. Dit is egter nie waar nie. Die Here maak nie beloftes en voer dit nie uit nie. Omtrent 1000 jaar later lees ons by die geboorte van Jesus Christus dat hierdie belofte vervul word wanneer daar van Christus gesê word: *“Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie”* (Luk. 1:32, 33). 'n Ewige koningskap!

Selfs heidene uit die Ooste erken sy koningskap as hulle in Jerusalem aan-kom en vra: *“Waar is Hy wat as koning van die Jode gebore is?”* (Matt. 2:2). Toe Jesus gekruisig word, staan dit bokant Hom geskrywe: *“Dit is Jesus, die koning van die Jode”* (Matt. 27:37). Sy ewige koningskap kon nie deur graf en dood gekeer word nie. Hy betaal vir ons sondes. Hy heers oor die dood en sonde as Hy opstaan uit die dood en eindelijk sy ewige koningskap prokla-meer: *“Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde”* (Matt. 28:18). So sal Hy as Koning kom op die wolke om met koningsmag te regeer. Op sy klere, by sy heupe, staan daar geskrywe: *“Die Koning van die konings en die Here van die heersers”* (Op. 19:16). Wat maak dit egter van my en jou? As Jesus die ewige Koning is, maak dit van my en jou ewige koningskinders. Vir altyd gekoop as sy eiendom deur sy bloed. God se beloftes aan Dawid oor 'n ewige koningskap geld vandag nog vir my en jou wat in Jesus Christus glo. Hy maak immers nie beloftes wat Hy nie kan hou nie. Die vraag is net: Glo ek en jy hierdie belofte?

Sing: Psalm 99:1, 3, 5

Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)

S